## 27 November - VERGEWE

**Skrifgedeelte: Spreuke 17:1-10**
**Fokusgedeelte: Spreuke 17:9**

IEMAND HET jou valslik beswadder, en dit het beteken dat 'n goeie verhoging by die werk by jou verby gegaan het. Dalk het iemand jou doelbewus in 'n saketransaksie verkul, wat jou op die ou einde baie geld gekos het. Of iemand het jou ongevraagd iets leliks toegesnou, of jou onbeskof behandel, wat jou baie sleg laat voel het.

Wat die Here van jou verwag, is om vrede te maak, om 'n rusie te voorkom. Jy verskoon die persoon vir wat hy of sy gedoen het. Wat jy met hierdie man se verkeerde optrede moet doen, is om 'n doek daaroor te gooi. Jy kyk nie weer daarna nie. Jy dink nie weer daaroor nie. Jy praat nie weer daarvan nie. Jy verban dié lelike optrede uit jou leef- en gedagtewêreld.

'n Ander woord wat ons hiervoor gebruik, is *vergewe*. Dit doen jy op horisontale vlak, op mens-tot-mens vlak. Maar jy *kán* en *móét* vergewe. God verwag dit van jou – omdat God van sy kant af op vertikale vlak ook iets baie belangrik aan jou gedoen het. Jy self oortree elke dag nie alleen teen mense nie, maar bowenal teen God. Jy verbreek elke dag sy gebooie. Diep in jou hart, in jou sondige natuur dra jy boosheid en haat rond (Pred 7:20).

En kyk net wat doen God met jou! Hy straf *jou nie* vir jou sondes nie, maar Hy straf jóú sondes aan Christus. Op grond van Christus se dood aan die kruis, *vergewe* God jou al jou sondes (Kol 1:14; 1 Joh 1:7).

As God jou sondes vergewe, dan vergewe Hy *alles*, en Hy vergewe vir *altyd*. Jeremia 31:34: *"Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie."* Hy kom nooit weer op jou sondes terug nie. Omdat God ons ons sondes vergewe het, verwag Hy van ons dat ons mekaar se sondes ook moet bedek.

Wat God in Christus aan ons gedoen het, moet ons ook aan mekaar doen – al vra dit hoe 'n groot offer.

*Sing: Psalm 103:1, 5 (1936-beryming)* *Dr AH Grové (Emeritus)*